



MAAK. vriende MET JOU KIND SE brein

Genetiese breinprofiel-ontledings bied 'n besonderse blik op jou kind se persoonlikheid en sy sterk- en swakpunte – en dit kan van drie jaar oud af al uitgevoer word.

DEUR KAREN VAN DER BERG

Voorkoming is beter as genesing. Dié ou gesegde is veral waardevol wanneer dit oor jou kinders gaan. As jy vooraf insae het in die struikelblokkie wat dalk vir jou kind op skool wag, die lees- en spelprobleme wat hy dalk kan hê of hoe hy op stresvolle situasies gaan reageer, kan jy jou spruit lank voor die tyd al begin help.

Hoe kry 'n mens dit reg? Deur jou kind se brein en hoe dit werk, van jongs af al te verstaan. Die brein is 'n ongeloflike orgaan wat nege dae ná bevrugting reeds uit al drie sy dele bestaan.

Luise Spangenberg, 'n konsultant by Edu-Profile in Bloemfontein, 'n maatskappy wat breinprofielontledings doen, sê dié ontledings is 'n baie interessante manier om meer van jou kind te ontdek. Dit is boonop baie voordelig vir ouers om te weet oor watter persoonlikheidseienskappe hulle kinders moontlik kan beskik.



Stres laat kinders beweeg, en dan word hulle soms verkeerdelik as hiperaktief gediagnoseer.



WAT IS GENETIESE BREINPROFIELONTLEDING?

Die breinprofiel word saamgestel deur te kyk na vyf verskillende dominante liggaamsdele: brein, oog, oor, hand en voet.

Luise verduidelik dat elke mens in een van daardie liggaamsdele dominant is. Jy hoef nie links of regs in elkeen te wees nie en sal waarskynlik liggaamsdele aan die linker- en regterkant hê.

Om dit uit te wys, doen elke mens 'n eenvoudige fisieke toets wat deur 'n konsultant uitgevoer word. Binne minute weet jy watter liggaamsdele van jou uit watter kant van jou brein beheer word.

Die breinprofielontleding kan reeds van so vroeg as drie jaar oud gedoen word. Boonop is die toets eenvoudig en word dit nie op grond van ouderdom, IK of algemene kennis gedoen nie.

Die toets bepaal die volgende:

- Natuurlike talente of vaardighede, of dit nou reeds ontwikkel het of nie, word geïdentifiseer.
- Onbewuste voorkeure wat omgewing en situasies betref, word aangedui. Byvoorbeeld: Hoe reageer jou kind wanneer iemand hard of sag met hom praat? Verkiest hy dat daar eerder sag gepraat word? Dié inligting is waardevol in die klaskamer en sal bepaal of jou kind beter sal vaar in graad 1 by 'n onderwyser met 'n sagter "ouma-" aanslag as by 'n strenger onderwyser.
- Moontlike gedrags- en leerprobleme word uitgewys. Die breinprofielontleding kan moontlike lees- en spelprobleme



Luise Spangenberg, 'n breinprofielontledingskonsultant by Edu-Profile in Bloemfontein.

aandui. As jy bewus daarvan is, kan jy jou kind se onderwyser daarvoor waarsku, vra dat sy geduldig daarmee is en hulp gee waar nodig.

- Akademiese en persoonlike sterk- en swakpunte word aangedui. Dit kan ouers wys of hul kinders goeie en geduldige luisteraars is of nie.
- Dit gee 'n goeie aanduiding van hoe 'n mens sosiale en akademiese inligting verwerk. Dit kan byvoorbeeld aandui hoe 'n kind luister en besonderhede inneem. Sommige kinders vaar beter deur inligting te sien en ander deur dit te hoor. Sommiges moet hoor en sien om beter te verstaan.
- Alle kinders ervaar in 'n stadium spanning, en jou kind se reaksie op sulke situasies word voorspel.
- Kinders se verhoudingsbehoefte word bepaal, veral wat hul verhouding met hul ouers betref. Sommige kinders wil hul ouers hoor sê hulle is lief vir hulle. Hul selfbeeld kan daarvan afhang. 'n Kind wat die behoefte het om dit te hoor en dit dan nie hoor nie, kan maklik dink pappa of mamma is nie lief vir hom nie want hulle sê dit nie.

HIPERAKTIEWE GEDRAG

Die profielontleding kan ook moontlike hiperaktiewe gedrag en aandaggebrek (AGHS) aandui.

Dis baie belangrik dat jy vooraf daarvan weet om te keer dat jou kind verkeerdelik met AGHS gediagnoseer word.

Volgens Luise ly baie min kinders met 'n AGHS-diagnose regtig daaraan.

Hiperaktiewe gedrag gaan baie nou gepaard met hoe 'n kind spanning hanteer. Alle mense het een dominante en een nie-dominante breindeel. In 'n stresvolle situasie skakel die nie-dominante breindeel onmiddellik af. Alles wat dan vanuit die nie-dominante deel van die brein hanteer word, skakel ook af en kan nie werk nie. Dit verduidelik waarom iemand onder groot



'N BREINPROFIEL KAN NIE VERANDER NIE

Net soos iemand wat blou oë het, se oogkleur nooit gaan verander nie, kan 'n mens se breinprofiel nie verander nie.

Indien jou linkerbrein dominant is, gaan dit so bly.

IEMAND WAT REGTERBREIN-DOMINANT IS, SE PROFIEL LYK MOONTLIK SO:

- Kreatief
- Laterale denke
- Geniet uitdagings
- Verloor belangstelling sodra iets voorspelbaar word
- Sukkel om take te voltooi
- Benodig streng riglyne van kleins af om take te voltooi

IEMAND WAT LINKERBREIN-DOMINANT IS, SE PROFIEL LYK MOONTLIK SO:

- Baie gestruktureerd
- Hou van roetine
- Beplan vooruit
- Hou nie van onsekerheid nie
- Moet weet wat, wie, wanneer, hoekom en hoe
- Hou nie van verandering nie
- Het 'n natuurlike aanleg in administratiewe take



Linkerbreinkinders slaap sleg as hulle nie al hul take voltooi het nie.



spanning skielik iets nie kan ont hou nie, dalk nie meer 'n tweede taal kan praat nie, of dalk stotter of iets laat val.

"Vir kinders is een van die beste maniere om uit 'n stresvolle situasie te kom, om te beweeg. Dis amper 'n soort oorlewingsfunksie vir hulle," sê Luise.

Kinders se brein is so ongelooflik dat hulle al begin beweeg om hulle te beskerm nog voor die stresvolle situasie ontstaan. Dan kan die volgende in die klaskamer gebeur:

Die kind stres omdat hy verveeld is, omdat inligting op 'n manier oorgedra word wat nie by sy profiel pas nie, omdat 'n juffrou miskien hard praat en die kind se persoonlikheid 'n sagter aanslag verlang of omdat hy nie goed luister nie en die werk eerder fisiek verduidelik wil sien. Om die stres beter te hanteer, begin hy beweeg.

"Dis dan dat hy as hiperaktief beskou kan word en verkeerdlik met AGHS gediagnoseer word," sê Luise.

Dit kan dan ook gebeur dat hy onnodige medikasie kry om te drink.

"Die medikasie veroorsaak dat sy brein in die klaskamer afskakel. So 'n kind kan niks inneem nie. Hulle sit miskien nou stil en lyk meer in bedwang, maar een probleem is nou net met 'n ander vervang. Dit is dikwels nie bevorderlik vir akademiese prestasie nie."

VROEËR IS DAAROM BETER AS LATER

Voorkom dus liever as dat jy moet genees. Voor jy jou kind skool toe stuur, kan jy reeds 'n volledige profiel laat doen sodat jy weet wat om te verwag. Jy kan die onderwyser gaan vertel dat jou kind byvoorbeeld nie wiskundig aangelê is nie, maar 'n uitstekende taalvermoë het.

Dit is belangrik sodat onderwysers nie vir kinders sê: "Jy gaan nooit wiskunde kan doen nie. Jy is baie swak daarmee."

Luise sê baie mense het op skool die boodskap gehoor en net daar begin glo hulle kan nie wiskunde doen nie. 'n Kind glo sy onderwyser en dit is 'n manier van afkraking.

Sy sê daar word deesdae baie klem geplaas op hand-oog-koördinasie.

"'n Kind kan dalk nie oor 'n wonderlike hand-oog-koördinasie beskik nie, maar dit beteken nie hulle gaan dit nie kan aanleer nie. Dit geld ook vir wiskunde. Die toetse sê dus vir jou waarin jy moontlik nie goed gaan wees nie, maar dan kan daar net van die begin af harder daaraan gewerk word. Dit was as moontlike swakpunte aangedui word, mag nooit as 'n verskoning gebruik word nie."



Gaan gerus na www.eduprofile.co.za vir nog inligting.

OM BETER TE KAN SIEN, MY KIND

Dis baie belangrik om vas te stel watter oog oorheers.

Regteroog-dominante mense lees van links na regs. Dit lyk op die oog af miskien vanselfsprekend, maar dit is nie. Want 'n linkeroog-dominante kind lees inderwaarheid van regs na links.

"Dis soos 'n kamera wat foto's neem. Die linkeroog-dominante kind se brein moet eers die woord omdraai, waar 'n regteroog-dominante kind se brein dit nie hoef te doen nie."

Kinders met linkeroog-dominansie kan dus met lees en spelling sukkel.

"Dit is nie dieselfde as disleksie nie. Dit is hoe hul brein geprogrammeer is. Dit is ook nie te sê so 'n kind gaan sukkel nie, maar dit laat 'n mens wel beter verstaan hoekom party kinders swaarkry met lees en ander nie," sê Luise.

Dieselfde geld vir spelling. As jy vooraf weet jou kind is linkeroog-dominant, kan jy sorg dat julle van dag een af meer aandag aan spelling skenk.

Dit alles verander natuurlik niks aan die ou reël nie dat kinders wat meer lees, beter spel, sê Luise.

OM BETER TE KAN SLAAP, MY KIND

Die meeste ouers het in 'n stadium met hul kinders se slaappatroon gesukkel, of dit hulle nou lank gekos het om rustig te word en weg te dommel, en of hulle nou snags kort-kort wakker geword het.

Selfs 'n mens se slaappatroon het te doen met jou dominante breindeel, sê Luise.

'n Linkerbrein-kind werk waarskynlik eers 'n paar doenlynsies in hul kop deur. As daar iets op die lysie is wat hulle nie gedoen het nie, sal hulle daarvoor bekommerd bly. Hul emosionele brein bly dan wakker. So 'n kind staan die volgende oggend moeilik op omdat hy nie lank en diep genoeg geslaap het nie.

Leer jou kind om dit wat hom pla, eerder af te handel en nie heelnaag daarvoor te tob nie.

Kinders wat regterbrein-dominant is, dink oor die dag se gebeure en droom oor vreemde dinge. Hulle kan dalk ook wonderlike idees kry en dit hou ook die emosionele brein wakker. So 'n kind vaar baie goed as hy saans voor slaap tyd in 'n dagboek skryf of prentjies teken. Moet ook nooit vir hom 'n storie saans halfpad klaar lees nie, hy kan heelnaag oor die einde wonder.

Watter dominansies jou kind ook al het – onthou altyd dat die brein 'n wonderlike ding is, sê Luise.

"Maak vriende daarmee, leer jou kinders s'n ken en ontdek die geheime daaragter. Dit kan hulle regtig 'n voorsprong gee." ●